

Maandag 25 Junie

Skrifgedeelte: Nehemia 8:14-19

Fokusgedeelte: Nehemia 8:18

Onthou God se genade in jou lewe

Die huttefees is een van die mees interessante feeste wat die volk in die Ou Testament gevier het. Hulle het die huttefees gevier in herinnering van die 40 jaar wat hulle voorouers in die wildernis deurgemaak het. Hulle word mooi verduidelik hoe hulle die hutte moet bou. Daarna moes die volk in die hutte bly.

Ons vier ook belangrike feeste in die uitleef van ons Christenskap, veral dinge wat ten doel het om ons te herinner aan een of ander belangrike gebeurtenis waar die Here ons gered of beskerm het. Moet ons nie meer herinner word aan die belangrike dinge wat die Here in ons lewens as Christene verrig nie? Ja, daar is natuurlik die formele dinge, soos die nagmaal, wat ons aan Jesus se kruisdood en lyding herinner. Maar in ons eie lewens is daar ook dinge wat ons kan vier. Wat is daar in jou eie lewe wat die Here vir jou moontlik gemaak of gedoen het? Vier dit! Deur dit te vier, onthou ons God se genade in ons lewens.

Dit is belangrik dat ons by dinge stilstaan wat ons van die Here ontvang het. Dit is 'n wonderlike manier om vir die Here jou dankbaarheid te wys of vir Hom te wys dat jy sy daede in jou lewe erken en herken. Gee vandag doelbewus aandag aan daardie dinge wat jy wil vier wat die Here vir jou gedoen het. Deur dit te vier, laat jy dit lewe en hou jy dit deel van jou lewe.

Sing: Psalm 105-1:1, 8

Dr. GJ (Gerhard) Niemann (Cullinan)